BELEID
LEIERSKAP ONTWIKKELING STELSEL (LOS)

Die Gr. 6-kinders gaan jaarliks, in die derde kwartaal op ‘n avontuurkamp. Tydens hierdie kamp word hulle die geleentheid gebied om hul leierseienskappe te ontwikkel. Alle Gr. 6-kinders sal aan die begin van die vierde kwartaal in ‘n diensgroep ingedeel word. Daarna sal hulle elke kwartaal geskuif word na ‘n nuwe diensgroep, tot en met kwartaal 3 van hul Gr. 7 jaar.

Daar is 7 diensgroepe, nl:

- Herwinning
- Multimedia
- Ondersteuning
- Onthaal
- Sekuriteit
- Terreine
- Versorging & Higiëne

Selektering van kinders vir verskillende diensgroepe:

- Die seuns en meisies word apart en alfabeties gelys.
- Daar word dan vanaf nr. 1 elke tiende kind saam in ‘n groep geplaas, bv: leerlinge 1, 10, 19, 28, 37, ens. Dan ook vanaf nr. 2 elke tiende leerder, bv.: kinders 2, 11, 20, 29, 38, ens.
- Daar is 7 diensgroepe wat ook alfabeties geplaas is.
- Die eerste groep kinders sal by die eerste diensgroep geplaas word, tweede by die tweede, ens.
- Die twee indelings sal op dieselfde wyse geskied, met die verskil dat die aantal kinders wat daar is se nommers in ‘n trekking sal wees. Die nommer wat getrek word, bv. 36 word dan 1 en almal skuif dan af daarvolgens.
- Op die basis word geen kinders bevoordeel of benadeel nie.
- Gedurende die kwartaal word die kind nog twee keer geassesseer.

Leier Ontwikkeling Stelsel
Assessering

Komitee: _____
Onderwyser: _____

1. Verantwoordelikheid	2. Stiptelikheid	3. Groepwerk	4. Kwaliteit van diens	5. Houding
6. Inisiatief	7. Betroubaar	8. Konsekwente optrede		

1 Swak	2 Onbevredigend	3 Gemiddeld
4 Goed	5 Uitstekend	

Naam van Komitee lid	1	2	3	4	5	6	7	8	Totaal
1.									
2.									
3.									
4.									
5.									
6.									
7.									
8.									
9.									
10.									
11.									
12.									
13.									

/2

Evaluering van kinders:

Kriteria vir toekenning tydens Cum Laude:

1. Sertifikaat vir Deelname: 20 – 24 punte
2. Sertifikaat van Verdienste: 25 – 29 punte
3. Sertifikaat van Meriete : 30 – 31 punte
4. Platinum: 32 + punte

   Maksimum totaal: 40 punte
5. Sodra 'n kind 32 punte kry, word 'n holistiese assessering gedoen wat plaasvind aan die einde van die derde kwartaal. Wat dan bybereken word, is sy prestasies t.o.v. akademie; sport en kultuur. Dit word hanteer deur Me A Botha (Akademie); Me L Grobler (Sport) en Me F Cilliers (Kultuur). Die kind word 'n gemiddelde punt van 20 toegeken, wat by die punt uit 40 getel word en sy persentasie word dan bereken.

   Platinum - 80 – 85,99%

   Erekleure - 86% +
6. Toekenning van die Warrie trofee berus by die Raadskoördineerders en die Skoolbestuurspan.

Kriteria vir beëindiging van deelname aan die Leierskap Ontwikkelings Stelsel:

1. Drie waarskuwings vanaf Raadskoördineerder wat telkens skriftelik geskied en ouer teken dit as ontvangserkenning.
2. 'n Vierde waarskuwing word skriftelik uitgereik deur me C Luddick of me Alet Botha (Departements Hoof) en ouer teken dit as ontvangserkenning .
3. 'n Vyfde waarskuwing word skriftelik uitgereik deur mnr HF Coetzee waarby die ouer ingeroep word kantoor toe en die ouers ingelig word dat hul kind nie verder aan die Leierskap Ontwikkeling Stelsel mag deelhê nie.
4. Indien 'n kind 300 oortredings punte ontvang, 'n dissiplinêre verhoor gehou word en hy skuldig bevind word - word die kind onmiddellik van die stelsel verwyder en geen verdere assessering sal vir hom plaasvind nie. Die kind doen dan ook nie meer diens in sy komitee nie. Hy word ook nie die volgende kwartaal in 'n nuwe komitee ingedeel nie.

Herwinning:

Komitee lede: **Onderwyspersoneel: Me L Grobler en Me L Botes**

Die komitee bied aan die kind die geleentheid tot blootstelling in die volgende areas:

- Menseverhoudings
- Verantwoordelikheid
- Eerlikheid en betroubaarheid
- Uithouvermoë

Area	Pligte
Herwinning in klasse en stoepe	1. Papier herwin in klasse. 2. Hulle moet kwartaalliks bewusmakingsplakkate maak. 3. Kuns integreer met herwinning deur 'n projek vanuit herwonne materiaal te maak/doen (waaraan alle leerders van die skool kan deelneem). Een projek per kwartaal
Herwinning op sportterrein	1. Te sorg dat daar spesiaal asblikke is vir herwinning en korrek gemerk is (Aparte asblikke vir papier, glas, plastiek en blik) 2. Kinders aanmoedig om rommel in die korrekte asblikke te gooi deur loop van sportbyeenkoms. 3. Herwinningsbewusmakingsplakkate vir die groot sportgeleenthede.
Bewusmaking	1. Een keer per kwartaal in saalperiode kinders aanmoedig om herwinning by hul huise te doen asook tipe herwinnigsmateriale voor te stel (papier, karton, glas, blik en plastiek).
Herwinningshokke	1. Komiteelede moet Maandae en Donderdag 06:45 by herwinningsasblikke bymekaar kom. 2. Hul dra gemerkte asblikke na speelterrein waar ouers en kinders die herwinningsmateriaal kan afgee. 3. Leerders wat herwinning ingee se name word op klaslyste afgemerk. 4. Hulle plaas dan om 07:00 die gesorteerde materiaal in die regte hokke. 5. Bêre gemerkte asblikke.

Multimedia:

Komitee lede: **Onderwyspersoneel – Mnr F Van Wyk; W Booysen en J Roos**

Die komitee bied aan die kinders die geleentheid tot blootstelling in die volgende areas:

- Menseverhoudings
- Verantwoordelikheid
- Eerlikheid en betroubaarheid
- Die waarde van duursame toerusting besef
- Uithouvermoë

Area	Pligte
Saal	1. Kinders sorg dat die saal reg is voor 'n funksie, saalperiode of vergadering. 2. Tydens register periode moet die lede sorg dat die saal reg en netjies is vir opening. 3. Lede help kinders om die saal ordelik binne te gaan, en te verdaag. 4. Meisies: a. Werk met truprojektor en transparante. b. Sit voor in die saal sodat dissipline gehandhaaf kan word. 5. Seuns: a. Rig die toerusting op voor en na saal. (Dit beteken dat die klavier, mikrofoon, projektor ens. opgestel moet wees.)
Klankkamer	1. Lede moet toerusting opslaan en afslaan voor en na saal. 2. Lede hanteer klanktoerusting tydens saal. 3. Netheid: a. Skoonmaak, afstof en regpak.
Aantreeblok	1. 2 x lede hanteer die klank tydens opening in die oggende by die aantreeblok. 2. Ander lede tree aan by hulle klasse.
Rekenaarsentrum	1. Seuns en dogters ruil elke week om die sentrum skoon te maak. a. Vee, afstof en regskuif.

<u>Ondersteuning</u>:

Komitee lede: Onderwyspersoneel – Me M Booyse en M Haarhoff

Die komitee bied aan die leerders die geleentheid tot blootstelling in die volgende areas:

- Menseverhoudings
- Verantwoordelikheid
- Eerlikheid en betroubaarheid
- Die vermoë om met geld te werk
- Uithouvermoë

Area	Pligte
Die Ondersteuningsklas	1. KInders word die geleentheid gebied om meer te leer oor kinders met spesiale behoeftes en die hantering van sulke kinders. 2. Hulle kan as "tutors" dien in periodes wanneer hul op kuierklas is. 3. "Big brother / sister" program - elke kind word gepaar met 'n kind in die ondersteuningsklas. 4. Pouses - kinders kan pouses help met toesig. 5. Hulle kan help met toesig by sportgeleenthede / ontspanningsgeleenthede.
Die Voedingskema	1. KInders word die geleentheid gebied om meer te leer oor die voedingskema en die sensitiewe hantering van aanmeldings en identifikasies. 2. Hulle help met die uitdeel van kospakkies. 3. Hulle ondersteun die onderwyseres met die handhawing van orde.
Nood met betrekking tot die kinders van Laerskool Warmbad	1. Insameling van persoonlike-versorgings produkte (sjampoe, seep, tandepasta, tandeborsels, onderarm-rol, spuitgoed. ens.) 2. Kyk vir alleen-maats, help met inskakeling. 3. Insameling van skryfbehoeftes.
Nood in die plaaslike omgewing	1. Kinders reël self 'n uitreikingsaksie na 'n bepaalde instansie. (Ouetehuis, Huis Tekna, Huis Talje, Hospitaal)

Onthaal:

Komitee lede: **Onderwyspersoneel – Me F Cilliers en N Kruger**

Die komitee bied aan die kind die geleentheid tot blootstelling in die volgende areas:

- Menseverhoudings
- Verantwoordelikheid
- Eerlikheid en betroubaarheid
- Die vermoë om met geld te werk
- Uithouvermoë

Area	Pligte
Verjaarsdae van personeel	Versier die klaskamer voor skool. Maak kaartjies . Wens geluk, berei gelukwensing voor tydens aantree.
Bedien koffie tydens pouses	Stel rooster op.
Skoolfunksies	Werksverdeling en opruim na die tyd.
Einde van die dienstermyn: personeel verversings	Koekbeurt en tema .

Sekuriteit:

Komitee lede: **Onderwyspersoneel – Mnr F Botha en J du Preez**

Die komitee bied aan die kind die geleentheid tot blootstelling in die volgende areas:

- Menseverhoudings
- Verantwoordelikheid
- Eerlikheid en betroubaarheid
- Die vermoë om met geld te werk
- Uithouvermoë

Area	Pligte
Hekke	1. Skoolterrein • Toesluit soggens om 07:15 • Oopsluit in die middae om 13:15 (Ondersteuningspersoneel vanaf Maandag - Donderdag) • Toesluit in die middae om 13:00 Maandag tot Donderdag en 13:10 op 'n Vrydag. 2. Aktiwiteite by die skool of sportvelde • Hanteer parkering en toegang 3. Byeenkomste • Beman hekke met byeenkomste by die skool en koshuis.
Terrein	1. Terrein inspeksie in groepe van 2 - 06:30 elke oggend. Rooster per week. (stap om terrein en rapporteer). 2. Voor- en na skool en tydens pouses op die uitkyk wees vir verdagte persone by palisade. Rapporteer onmiddellik. 3. Taxi-diens na skool tot 13:00.
Stoepe	1. Hou oë en ore oop tydens klaswisseling, spreek maats aan om in rye te beweeg, links te hou en flink te stap. Puntdiens. Rooster. 2. Voor en na skool en tydens klaswisseling, beman hierdie kinders die draaie van die trappe om ordelike gebruik te verseker. Rooster.
Noodplan	1. Klasinspeksies na noodplan oefening onderleiding van Mnr Flip en Mnr JD.

Terreine:

Komitee lede: Onderwyspersoneel – Me S du Plessis; C Klopper; S Gernandt en Mnr T Botes

Die komitee bied aan die leerders die geleentheid tot blootstelling in die volgende areas:

- Menseverhoudings
- Verantwoordelikheid
- Eerlikheid en betroubaarheid
- Die vermoë om met geld te werk
- Uithouvermoë

Area	Pligte
Terreine Junior- en Senior speelterreine	1. Behulpsaam met toesig en diens op die Junior- en Senior speelterreine • Senior - seuns en dogters • Junior - seuns en dogters • By senior - verantwoordelik vir 'n klas. Kyk of die kinders alfabeties staan en kyk na voorkoms en kleredrag.
Funksies by die skool bv. Redenaars, RMS, Kultuur, Sokkies	1. Ontvang die gaste. 2. Wys die gaste na hulle plekke. 3. Hou toesig buite lokale soos bv. tydens Redenaars. 4. Hou die terrein netjies.
Opening in die oggende by Junior Blok Senior Blok	1. Opening soos ingedeel (Vrywillige opening) 2. Hou die kinders stil oor die mikrofoon, totdat personeel op hulle plekke is.
Saalvoorlegging	1. 5 min.

Versorging en Higiëne

Komitee lede: **Onderwyspersoneel – Me C Luddick en A Liddle**

Die komitee bied aan die leerders die geleentheid tot blootstelling in die volgende areas:

- Menseverhoudings
- Verantwoordelikheid
- Eerlikheid en betroubaarheid
- Die vermoë om met geld te werk
- Uithouvermoë

Area	Pligte
Gr. 1 Orientering	1. Graad 1 kinders wys waar is die kleedkamers. 2. Wat hulle mag en nie mag doen nie. 3. Hulpverlening waar nodig.
Kinders se kleedkamers	1. Word elke dag nagegaan net nadat die klok gelui het vir die begin van skool en dan weer na pouse. 2. Probleme word aangemeld. 3. Daar word ook diens gestaan tydens pouse.
Personeel en Saal	1. Badkamers word nagegaan voor oueraande en die gebruik van die saal word na afloop weer deurgegaan. 2. Probleme word aangemeld.
Sport Leerders en Onderwysers	1. Kleedkamers word voor en na ‘n byeenkoms nagegaan. 2. Probleme word aangemeld. 3. Daar moet tydens die byeenkoms ook gereeld gekyk word of daar genoeg toiletpapier beskikbaar is. 4. Probleme word aangemeld.

HERWINNING

	1 **Swak**	2 **Onbevredigend**	3 **Gemiddeld**	4 **Goed**	5 **Uitstekend**
1. Verantwoordelikheid	Voer geen opdragte uit nie	Voer sommige opdragte uit	Voer slegs opdragte uit wat verwag word	Voer opdragte uit wat verwag word en soms word eie inisiatief gebruik	Opdragte word altyd geesdriftig uitgevoer en met baie inisiatief
2. Stiptelikheid	Daag nie op nie (Geen verskoning)	Daag laat op (sonder verskoning)	Meestal betyds en wanneer laat is word verskoning gemaak	Betyds	Nooit laat nie
3. Groepswerk	Kan glad nie in die groep funksioneer nie	Swak groepsamewerking	Werk redelik goed in die groep en voer opdragte uit	Werk goed in die groep en neem soms leiding	Neem leiding en help die ander
4. Kwaliteit van dienslewering	Geen diens word gelewer nie	Doen slegs wat verwag word (onderwyser moet heeltyd aanmoedig)	Doen wat verwag word en bietjie meer	Doen sy/haar beste	Uitstaande gehalte
5. Gesindheid	Negatief en onbetrokke	Verleen hulp, maar met negatiewe gesindheid	Verleen hulp, met soms negatiewe gesindheid	Positief oor die algemeen	Altyd positief
6. Leierskap (Kreatiewe en innoverende denke)	Wil nie leiding neem nie en geen inisiatief	Neem nie leiding nie, maar toon soms die inisiatief	Neem leiding wanneer dit van hom/haar verwag word	Neem leiding	Neem leiding in alle situasies met positiewe gesindheid teenoor almal
7. Betroubaarheid	Glad nie betroubaar nie	Betroubaar onder toesig	Betroubaar (maar wil nie verantwoordelikheid neem nie)	Betroubaar	Altyd betroubaar. Staatmaker wat nooit terleurstel nie
8. Konsekwente optrede en volhoubaarheid	Geen belangstelling word getoon nie	Minimale belangstelling	Toon belangstelling, maar soms negatief	Probeer altyd sy/haar bes en doen dit met positiwiteit	Altyd positief, vriendelik, motiveer ander.

/11

MULTIMEDIA

	1 - Swak	2 - Onbevredigend	3 - Gemiddeld	4 - Goed	5 - Uitstekend
1. Verantwoordelikheid	Daag nie op nie of doen niks nie.	Net daar maar doen niks nie.	Doen net iets om te sien hy is daar en moet soek na kind.	Voer pligte uit maar doen soms niks.	Voer pligte uit soos verlang en is altyd betrokke.
2. Stiptelikheid	Daag nie op nie.	Soms betyds.	Gereeld laat.	Betyds maar nou en dan laat.	Altyd betyds en op sy plek.
3. Groepswerk	Sit terug en laat ander die werk doen.	Help so nou en dan met pligte as daar vir hom/haar gevra word.	Help met minimum take.	Help maar doen alles self.	Help graag in die span.
4. Kwaliteit van dienslewering	Onvolledig en slordig.	Leerder probeer om dienste te lewer, vaal uit onkunde.	Take word gedeeltelik uitgevoer met baie smeek.	Take word uitgevoer met ‘n gesloer.	Alles is netjies en kompleet uitgevoer.
5. Gesindheid	Kruip weg, sê niks en breek kinders af.	Maak grappe en doen nie veel nie.	Help, maar halfhartig.	Positief, help graag maar leerder is baie stil.	Altyd positief en betrokke, motiveer ander en praat mooi met ander leerders.
6. Kreatiewe en innoverende denke. Leierskap	Leerder wag altyd vir instruksies en doen nie self uit sy eie nie.	Leerder doen niks ekstra nie.	Leerder doen so nou en dan iets.	Leerder hou van wat hy doen en gee sy samewerking.	Leerder soek geleentheid vir nuwe goed, maak idees en help ander.
7. Betroubaarheid	Leerder is nie betrokke nie.	Leerder is min betrokke.	Leerder is soms betrokke.	Leerder is meestal betrokke.	Leerder is altyd betrokke.
8. Konsekwente optrede en volhoubaarheid	Verander elke dag.	Geen regverdigheid.	Optrede ten opsigte van reg en verkeerd nog nie heeltemal reg nie.	Tree regverdig op en onderskei goed tussen reg en verkeerd.	Altyd dieselfde mens en goeie voorbeeld.

ONDERSTEUNING

	1 - Swak	2 - Onbevredigend	3 - Gemiddeld	4 - Goed	5 - Uitstekend
1. Verantwoordelikheid	Voer nie opdragte uit nie.	Voer sommige opdragte uit, maar voltooi niks.	Voer opdragte uit, doen niks meer.	Voer opdragte uit, neem soms inisiatief.	Altyd op sy/haar pos. Voer alle opdragte uit en is entoesiasties.
2. Stiptelikheid	Daag glad nie op nie, geen verskoning.	Kom laat, sonder verskoning.	Net betyds, met verskoning.	Altyd vroeg.	Vroeg en altyd reg om te help.
3. Groepswerk	Kan nie in 'n groep werk nie.	Werk soms goed in 'n groep, volgeling.	Werk goed in 'n groep, voer opdragte uit.	Kan soms leiding neem maar is gemakliker om te volg.	Neem leiding, verleen hulp aan ander.
4. Kwaliteit van dienslewering	Geen diens word gelewer, al word leerder aangemoedig.	Leerder probeer om dienste te lewer, vaal uit onkunde.	Kwaliteit wanneer leerder belangstel in aktiwiteit, bv. rugby.	Leerder probeer hard om beste te gee, altyd bereid om te help.	Uitstaande gehalte.
5. Gesindheid	Negatief en wil nie help nie.	Hulp word verleen, maar met 'n negatiewe gesindheid.	Hang af van aktiwiteit, soms positief en soms negatief.	Positief en probeer sy/haar bes.	Positief en motiveer ander leerders.
6. Kreatiewe en innoverende denke. Leierskap	Toon geen inisiatief, wil geen leiding neem nie.	Toon bietjie inisiatief en toon geen poging om leiding te neem nie.	Toon inisiatief maar sal leiding neem wanneer druk toegepas word.	Toon inisiatief en verleen hulp aan leier. Sal leiding neem wanneer kans gegun word.	Neem inisiatief ten alle tye. Neem leiding in alle situasies.
7. Betroubaarheid	Glad nie betroubaar nie. Kan nie verpligtinge nakom nie.	Betroubaar met klein pligte, onder toesig.	Betroubaar tot 'n mate, wil nie verantwoordelik-heid hê nie.	Betroubaar, hou van verantwoordelikheid maar raak skrikkerig as dit te veel raak.	Baie betroubaar. Voer opdragte met selfvertroue uit en kan leiding neem.
8. Konsekwente optrede en volhoubaarheid	Leerder toon geen belangstelling.	Toon geen belangstelling, verrig take afgejaag.	Leerder toon soms entoesiasme, anders soms negatief.	Probeer sy/haar bes. Gebrek aan leierskap pootjie leerder.	Gee altyd sy/haar bes en kan peil trek op die leerder. Baie positief en motiveer ander leerders.

ONTHAAL

	1	2	3	4	5
1. Verantwoordelikheid	Kan glad nie op hom/haar staatmaak nie. Daag nie op nie. Maak nie verskoning nie.	3+ situasies onaanvaarbare pligsversuim.	Situasie word op meriete ge-evalueer. Twee keer pligsversuim.	Eenmalige versuim. Uitsondering.	Algehele staatmaker. Enige gegewe taak word korrek uitgevoer.
2. Stiptelikheid	Altyd laat. Laat wees is 'n gewoonte, 'n lewenstyl.	3+ kere laat. Soms aanvaarbare verskonings. Hanteer op meriete en geloofwaardigheid.	Daag vir 2 geleenthede laat op.	Eenmalige uitsondering.	Nie 'n enkele keer laat vir 'n funksie nie. Eerder vroeër en gereed.
3. Groepswerk	Word nie deur groep aanvaar nie. Buitestaander. GEEN sosiale vaardighede.	Bring nie sy/haar kant, maar is ongewild.	Werk saam, maar onderliggende potensiële konflik op gereelde basis.	Enkele situasies waar konflik ontstaan.	Word spontaan deur groep gevolg en gerespekteer. Gebore leier.
4. Kwaliteit dienslewering	Stokkiesdraaier. Afskeepwerk. GEEN TROTS.	Voer taak uit, maar net om dit te doen sonder om in die moeilikheid te kom.	Gemiddelde uitvoering van taak. Niks indrukwekkende nie.	Goeie werk, maar neem nie leiding nie.	Elke taak word met trots uitgevoer na die beste van sy/haar vermoë.
5. Houding en Netheid	Traak-my-nie-agtige houding. Steur glad nie aan waarskuwings en aanmanings nie.	Beïnvloedbaar. Toon tog berou nadat hy/sy aangespreek word.	Draadsitter. Soms positief / soms negatief.	Aangename houding, maar nie sterk invloed op groep nie.	Sal ten alle tye 'n positiewe houding handhaaf en groep motiveer om hulle beste te gee.
6. Kreatiewe en innoverende denke. Leierskap	Toon GEEN leierskap. GEEN VISIE.	Minimale leierskapseienskappe. Word nie deur groep goedgekeur.	Baie idees, maar nie deurgedink. Gedwonge leierskap.	Sal enkele situasies leiding neem. Nie volhoubaar.	Neem spontaan leiding. Uitstekende voorstelle wat prakties uitvoerbaar is.
7. Selfvertroue om in die openbaar op te tree	Glad nie in staat om voor mense op te tree nie.	Skaam en onseker. Trae waaghouding.	Effens onseker. Tog bereid om voor 'n gehoor te praat. Kort bgeleiding.	Behartig die taak goed.	Tree met geak op voor die 'n gehoor. Uitstekende selfvertroue.
8. Konsekwente optrede en volhoubaarheid	Gedrag is telkens bevraagteken. Probleem-situasies oorheers. Deurlopende konflik.	Onaanvaarbare gedrag, maar reageer soms positief op aanmaning.	Herhaaldelike negatiewe optrede. Beïnvloedbaar. Toon wel potensiaal.	Enkele uitsondering van negatiewe optrede, anders goed.	Leerder se optrede is deurgans onberispelik en staan kop en skouers uit bo die res.

/14

TERREIN

	1 - Swak	2 - Onbevredigend	3 - Gemiddeld	4 - Goed	5 - Uitstekend
1. Verantwoordelikheid	* Kuier met maats (speel). * Nie op diensplek * Raak betrokke in gevegte. * Daag nie op by funksies nie (redenaars ens.) * Toon geen respek vir volwassenes nie.	* Miskien 1-2 keer op diensplek * Versuim om verskoning aan te bied. * Dros	* Helfte van die tyd op diensplekke. * Bied verskoning aan as nie by funksie kan wees nie.	* Meeste van die tyd op diensplekke. * Hanteer konflik tydens pouse goed.	* Altyd op diensplek. * Betrokke by funksies. * Respekvol. * Lojaal teenoor pligte. * Hanteer konflik baie goed.
2. Stiptelikheid	* Nooit stiptelik nie. * Altyd laat of daag nie op nie.	* Bly weg sonder verskoning. * 2 - 3 keer laat.	* Helfte van die tyd stiptelik by diensplek. * 1 x laat, geen verskoning.	* Meeste van die tyd stiptelik.	* Altyd stiptelik by diensplekke (tussen 5 en 10 voor aanvang.)
3. Groepswerk	* Aanvaar geen gesag nie. * Kan nie in ‘n groep funksioneer nie. * Baklei met almal in groep. * Aanvaar nie die groep-leier nie. * Dwarstrekkerig.	* Werk aan die begin saam, maar later nie. * Wil eerder saam met maats in ‘n groep wees.	* Kan redelik goed saam met die groep werk. * Kan nog dwarstrek.	* Pas goed aan by groep. * Aanvaar die groepleier. * Lewer positiewe insette.	* Werk pragtig saam in ‘n groep. * Aanvaar die groepleier. * Kan dalk self die groep-leier wees, neem leiding. * Inisiatief.
4. Kwaliteit van dienslewering	* Kan nie met leerlinge werk nie. * Skree op die leerlinge. * Gebruik vloektaal. * Knou ander leerders af.	* Skree af en toe op leerders. * Doen nie sy pligte deeglik nie.	* Hanteer die leerders beter. * Sal nog af en toe nie hulle take goed uitvoer nie.	* Kan leerders goed hanteer. * Is gereeld op diens-punte.	* Baie goeie self-dissipline. * Hantering van leerders baie goed. * Stel ander leerders voor homself.
5. Gesindheid	* Stel nie belang in leier-skap nie. * Is negatief oor die afdeling. * Wil liewers op ‘n ander plek diens doen. * Kla oor alles wat gedoen moet word.	* Sal positief wees vir ‘n dag. * Het baie aanmoediging nodig om gesindheid te verander. * Kla ‘n bietjie minder.	* Gesindheid al langer positief. * Word nog moeg vir sy dienspunt.	* Kla heelwat minder. * Is positief en probeer hard.	* Is baie entoesiasties. * Doen wat van hom verwag word, sonder om te kla. * Lojaal teenoor sy diensgroep. * Altyd positief, ongeag.

6. Kreatiewe en innoverende denke. Leierskap	* Geen inisiatief. * Doen niks ekstra of uit eie nie. * Dit is ‘n straf om leier te wees. * Vind leierskap vervelig.	* Kwaad omdat hy nie saam met sy maats leier is nie. * Wil nie veel ekstra take verrig nie. * Vind leierskap ‘n las.	* Sal so nou en dan inisiatief aan die dag lê. * Sy leierskap kan nog verbeter. * Kry soms ‘n helder oomblik.	* Dink aan oulike goed vir samewerking met maats. * Hou van wat hy doen.	* Pak die taak doelgerig aan. * Gebruik eie inisiatief. * Leierskap is ‘n eer en nie ‘n las nie. * Entoesiasties.
7. Betroubaarheid	* Kan glad nie ‘n opdrag uitvoer nie. * Geensins lojaal nie. * Kan kind glad nie vertrou nie.	* Kan nie vertrou word met opdragte nie.	* Bereid om ‘n opdrag uit te voer, maar doen die opdrag soms verkeerd.	* Voer opdragte goed uit. * Is betroubaar om sy dienspunt te beman.	* Baie betroubaar. * Kan ‘n opdrag deeglik uitvoer en korrek uitvoer.
8. Konsekwente optrede en volhoubaarheid	* Is nie regverdig nie. * Trek maats voor. * Optrede is nooit dieselfde nie (wissel-vallig)	* Kan nie regverdigheid heeltemal toepas nie. * Trek maats nog voor.	* Optrede teenoor almal is beter, maar nog nie die ideaal nie. * Sukkel nog om te onderskei tussen reg en verkeerd.	* Hy tree goed op teenoor leerders. * Hy kan goed onderskei tussen reg en verkeerd.	* Tree altyd positief en lojaal op. * Is altyd regverdig in sy optrede teenoor die leerders. * Diversiteit puik.

VERSORGING EN HIGIëNE

	1 - Swak	2 - Onbevredigend	3 - Gemiddeld	4 - Goed	5 - Uitstekend
1. Verantwoordelikheid	Voer nie opdragte uit nie.	Voer sommige opdragte uit, maar voltooi niks.	Voer opdragte uit, doen niks meer.	Voer opdragte uit, neem soms inisiatief.	Altyd op sy/haar pos. Voer alle opdragte uit en is entoesiasties.
2. Stiptelikheid	Daag glad nie op nie, geen verskoning.	Kom laat, sonder verskoning.	Net betyds, met verskoning.	Altyd vroeg.	Vroeg en altyd reg om te help.
3. Groepswerk	Kan nie in 'n groep werk nie.	Werk soms goed in 'n groep, volgeling.	Werk goed in 'n groep, voer opdragte uit.	Kan soms leiding neem maar is gemakliker om te volg.	Neem leiding, verleen hulp aan ander.
4. Kwaliteit van dienslewering	Geen diens word gelewer, al word leerder aangemoedig.	Leerder probeer om dienste te lewer, vaal uit onkunde.	Kwaliteit wanneer leerder belangstel in aktiwiteit, bv. rugby.	Leerder probeer hard om beste te gee, altyd bereid om te help.	Uitstaande gehalte.
5. Gesindheid	Negatief en wil nie help nie.	Hulp word verleen, maar met 'n negatiewe gesindheid.	Hang af van aktiwiteit, soms positief en soms negatief.	Positief en probeer sy/haar bes.	Positief en motiveer ander leerders.
6. Kreatiewe en innoverende denke. Leierskap	Toon geen inisiatief, wil geen leiding neem nie.	Toon bietjie inisiatief en toon geen poging om leiding te neem nie.	Toon inisiatief maar sal leiding neem wanneer druk toegepas word.	Toon inisiatief en verleen hulp aan leier. Sal leiding neem wanneer kans gegun word.	Neem inisiatief ten alle tye. Neem leiding in alle situasies.
7. Betroubaarheid	Glad nie betroubaar nie. Kan nie verpligtinge nakom nie.	Betroubaar met klein pligte, onder toesig.	Betroubaar tot 'n mate, wil nie verantwoordelikheid hê nie.	Betroubaar, hou van verantwoordelikheid maar raak skrikkerig as dit te veel raak.	Baie betroubaar. Voer opdragte met selfvertroue uit en kan leiding neem.
8. Konsekwente optrede en volhoubaarheid	Leerder toon geen belangstelling.	Toon geen belangstelling, verrig take afgejaag.	Leerder toon soms entoesiasme, anders soms negatief.	Probeer sy/haar bes. Gebrek aan leierskap pootjie leerder.	Gee altyd sy/haar bes en kan peil trek op die leerder. Baie positief en motiveer ander leerders.

AKADEMIE SPORT KULTUUR

- Maksimum van 20 punte
- Word eenmalig gedoen – derde kwartaal
- Koördineerders en SBS

PUNTE	0	1	2	3	4
AKADEMIE	Onder 50%	50 – 59%	60 – 69%	70 – 79%	80+%
BETROKKENHEID	Geen	1 aktiwiteit. Geen deursettingsvermoë	2 aktiwiteite	3 aktiwiteite	4 / 5 aktiwiteite
MOTIVERING	Ongemotiveerd	Geringe mate van motivering	Motivering nodig	Net selfgemotiveerd OF motiveer ander	Selfgemotiveerd EN motiveer ander
BESLUITNEMING	Geen inisiatief	Voorstelle is ondeurdag	Volger	Goeie idees. Min ondesteuning van groep.	Eie idees. Prakties uitvoerbaar. Ondersteuning van groep.
LEIERSKAP	Geen	Skadu-leier	Gemiddelde leier	Geforseerde leier	Natuurlike leier